

# Terugvoer Sinodale Diensraad

## TERUGVOER AAN GEMEENTES.

### SINODALE DIENSRAAD VERGADERING 23 MEI 2018

1. Daar is **168 leraars** in die Oostelike Sinode waarvan 40 leraars tussen 25 en 43 jaar is, 42 leraars tussen 43 en 54 en dan 68 leraars tussen 55 en 65 jaar. Dit beteken dat in die volgende 10 jaar 37% van die Oostelike Sinode se leraars gaan aftree. Die Diensraad is ernstig om te fokus om **jonger leraars in te trek** en te begelei in hulle ontwikkeling. Daar is 'n byeenkoms van ongeveer 30 jongleraars gereël waar hulle gaan besin oor wat hulle sien as die rol van die sinode en oor watter rol hulle as jong leraars kan speel.
2. Die vergadering het hoofsaaklik gefokus op die **ontwerp van die komende Sinode** van 21-23 Oktober 2018. Ons beplan dat een van die uitkomstes van die sinode sal wees dat die sinode duideliker sal verstaan hoe ons mekaar as leraars en gemeentes kan help om meer effektief te funksioneer en om probleme te voorkom.
3. Ons is bevoorreg om vir **prof. Marius Nel** te kon kry om as spreker op te tree tydens die sinodesitting. Hy gaan praat oor hoe ons as kerk in ons uitreik na die wêreld die Koninkryk van God gaan sien kom.
4. Die Diensraad het ook kennis geneem van die groei in onderlinge verhoudinge en die vordering in gesprekke oor groter samewerking tussen die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid Afrika as ook die NG Kerk in Afrika. Gemeentes word ook aangemoedig om uit te reik na ons broers en susters in die **VGKSA** en die **NGKA**.
5. Daar is met dankbaarheid kennis geneem dat daar vordering is met die samesprekings oor die **grondkwessie** in ons land. Ons as kerk speel ook 'n rol in hierdie

gesprekke en dit is duidelik dat daar vordering in die regte rigting is. Daar is ekstreme kante aan die debat, maar die middelgrond is besig om onder die beskerming van die grondwet in 'n goeie rigting te beweeg.

6. Die terugvoer wat ons van oraloor gekry het, getuig van groot seën tydens die **Pinkstertyd**. Dit was so noodsaaklik dat die kerk weer gefokus het op die koms en die werk van die Heilige Gees. Mag ons vir die pad vorentoe nooit uit eie krag betrokke wees in die kerk nie, maar in algehele oorgawe aan die Gees lewe.
7. Ons sien ook uit na die komende **Predikante konferensie in Letaba** en vertrou dat die tyd saam met prof. Jan van der Watt baie leersaam en verrykend, maar ook 'n tyd van rus en versterking sal wees.
8. Baie geluk ook aan **ds. Jurgens de Jager** van die NG gemeente Witrivier wat in dr. Lourens Bosman se plek verkies is as ondervoorsitter van die Diensraad.
9. Kom ons **bly bid** steeds vir mekaar, vir ons gemeentes en vir ons land.

Dirkie van der Spuy

---

om te dien en te gee en te wees .....

Bruce Tulloh is 'n Britse atleet wat in die sestigerjare dwarsoor Amerika gehardloop het. In sy dagboek maak hy een aand hierdie mooi opmerking: "And here I am: between the fulfilment of one day and the promise of the next..."

Dis mooi gesê. Dit vertel van iemand wat gemaklik is met wat

hy vandag gedoen het – en terselfdertyd uitsien na wat môre kan inhou.

Dit praat nogal met my missionale hart. Missionaliteit kom nie vanuit 'n posisie van "nie goed genoeg" of iets dergeliks nie. Missionaliteit groei vanuit die diep oortuiging dat ons elke dag doen wat ons kan – en dan uitsien na môre waar ons méér of beter of nog kan doen.

Gemeentes moet nie die missionale skuif maak met skuldgevoelens of vanuit 'n posisie van minderwaardigheid teenoor ander gemeentes nie.

Nee. Vandag leef ons vanuit die Evangelie van Jesus Christus. Dis hierdie Boodskap wat ons motiveer om te dien en te gee en te wees "met dieselfde gesindheid as wat daar in Christus Jesus was." En ons doen dit vandag en môre, hier en oraloor – want Jesus Christus is die Here!

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar: Oostelike Sinode

20 April 2018

---

## Terugvoer Sinodale Diensraad

**Die Voorsitter, Dirkie van der Spuy, vertel van die**

**Sinodale Diensraad se vergadering van 22 Februarie 2018**

1. Tydens ons afgelope vergadering het ons kennis geneem van **goeie reën** wat oor ons hele sinodale gebied uitgesak

het en dat boere oor die algemeen baie dankbaar is omdat hulle lande en gebiede groen is. Daar heers ook erns in gemeentes om vir die **nuwe president** te bid sodat hy met wysheid en durf ons land op 'n nuwe pad sal lei. Ons eer die Here vir sy troue sorg en verhooring van gebede.

2. Ons dank die Here vir die afgevaardigdes van 55 gemeentes wat die twee **Voetsoolsinodes** bygewoon het. Die terugvoer is oorweldigend positief en daar het nuwe visie en entoesiasme gekom om kerk te wees soos Christus dit bedoel het. Hierdie gemeentes het ook aan die einde saam beplan aan 'n aantal dinge wat hulle as gemeente kan doen om groter impak te maak as gestuurde gemeentes. Die belangrike volgende tree is om hierdie gedagtes nou in elke gemeente te implementeer en om in die praktyk die liefde van Christus in hierdie wêreld meer effektief uit te dra.
3. Die Diensraad beplan ook om in gehoorsaamheid agter Jesus aan te volg en gemeentes vorentoe steeds te begelei om meer missionaal te word. Daarom sal die gemeentes se uitreike en gestuurdheid na die wêreld steeds die tema bly van die komende **konferensie vir leraars 26-27 Maart** en ook van die **Sinodesitting 21-23 Oktober** hierdie jaar. Ons herinner leraars om dadelik by die kantoor in te skryf vir volgende maand se konferensie.
4. Daar was ook 'n interessante bespreking oor die toerusting en bemagtiging van **ouderlinge** wat in gemeentes erediens-bevoegdheid kan kry om te preek as daar nie 'n leraar beskikbaar is nie. Verder inligting kan by die sinodale kantoor gekry word.
5. Daar was ook die afgelope aantal jare verskillende inisiatiewe om nader te kom aan die **Verenigende Gereformeerde Kerk** wat as dogterkerk uit die sendingaksies van die NG Kerk ontstaan het. Daar is op verskeie fronte gebou aan verhoudings en op baie plekke is daar geseënde samewerking. Die Algemene Sinode het ook reeds 'n Tussenorde goedgekeur wat gemeentes kan

help om beter en meer effektief saam te werk. Ons sal graag ter wille van die getuienis van die kerk wou weet waar daar in ons sinodale gebied reeds sulke verhoudinge en samewerking tussen NG gemeentes en gemeentes of leiers van die VGK bestaan.

6. Die Diensraad is ook besig om 'n plan op te stel hoe ons as kerk in **noodsituasies** dadelik en effektief hulp kan verleen en gemeentes mobiliseer om saam te werk om noodleniging te doen. Hierdie plan moet 'n getuienis tot eer van Christus uitdra.
7. Ons is dankbaar dat die **sinodale verpligting** van gemeentes steeds die laagste van al die sinodes is en wel op 3.8% van gemeentes se inkomste bereken word.
8. Kom ons **bly bid** steeds vir mekaar, vir ons gemeentes en vir ons land.

**Dirkie van der Spuy**

---

## **SKOLLIEKAMP 2 TOT 8 APRIL 2018**

**Skolliekamp – die week van jou lewe!**

**'n Skoolverlaterskamp vir Graad 11's en 12's**

**Datum : 2-8 April 2018**

**Waar: Kruisrivier Kampterrein (naby Groblersdal)**

**Busvervoer is beskikbaar vanaf: Nelspruit, Pretoria,**

## Bronkhorstspruit, Witbank en Middelburg

Koste per persoon: **R1 299**

Inskrywings: [www.skolliekampe.org.za](http://www.skolliekampe.org.za)

Alternatiewelik kan die kerkkantoor gevra word om 'n uitdruk van die inskrywingsvorm aan u te voorsien wat teruggestuur kan word na [info@skolliekampe.org.za](mailto:info@skolliekampe.org.za) / Faks: 086 560 4025

Navrae: Kobie Viljoen 076 828 0292, Anandie Greyling 083 251 7213 of Johan Janse van Rensburg 072 735 8811

SIEN PAMFLET HIERONDER. INSKRYWINGSVORM IS [HIER](#) BESKIKBAAR



# Kortnuus 225 Gestuurde Kerkwees Michael Moynagh

Gesprek met Michael Moynagh oor Gestuurde Kerkwees kan [hier](#) gelees word.

---

## 2018 PREDIKANTEKONFERENSIE

Hierdie jaar vind ons konferensie 'n week ná Pinkster plaas, naamlik vanaf **28 Mei tot 1 Junie 2018**. Dit is weer by Letaba in die Krugerwildtuin. Die konferensie word só ingerig dat aan toerusting, versorging en spiritualiteitsverdieping aandag gegee word.

Ons aanbieder is professor Jan van der Watt. Hy doseer Nuwe Testament en gaan vir ons die Johannes-Evangelie ontsluit tot op die punt waar ons daaroor 'n preekreeks kan maak.

Jan skryf as volg oor ons geleentheid:

***Hoe preek ons vandag oor die groot temas van die Johannes-evangelie?***

*"In die geskiedenis van die kerk het die Johannes-evangelie 'n groot rol gespeel. Sonder hierdie besondere "geestelike evangelie" sou die kerk anders gelyk het en ons miskien anders geglo het.*

*Watter verskil maak hierdie evangelie aan ons geloof en ons siening van onself en die wêreld?*

*Aan die hand van die groot temas van Johannes se teologie gaan ons stap vir stap kyk watter impak hierdie evangelie op vandag kan hê. Daar gaan nie alleen na die teologie gekyk word nie, maar ook na maniere waarop daar oor die temas op 'n hermeneuties verantwoorde manier gepreek kan word.*

*Maak jou reg om met 'n lekker reeks preke oor die Johannesevangelie terug te gaan gemeente toe."*

VOLLEDIGE INLIGTING EN INSKRYWINGSVORM is [hier](#) beskikbaar

---

## **2018 vra diep oortuigings...**

Die jaar 2018 gaan ons *oortuigings* op baie verskillende maniere toets.

In die politieke arena is die laaste gevegte nog nie geveg nie – en in die proses gaan ons onseker word en dalk selfs ook bang...

Ekonomies lê daar moeilike tye voor – praat maar met sakemanne en salaristrekkers en boere...

Die kerklike omgewing het sy eie uitdagings – en al meer mense begin wonder hoe belangrik die kerk nou eintlik regtig is...

Hoe gaan ons as die gemeentes van Oostelike Sinode dan hierdie jaar in?

Ons sal baie duidelik moet wees oor ons *diepste oortuigings*. Net wanneer jy weet wie jy is en wat jy hier doen, sal jy dit kan maak.

Watter oortuigings?

- ons *diepste oortuigings* oor die Evangelie van Jesus



Christus: uniek, uit genade word ons gered, wie in Jesus glo, het die ewige lewe.

- ons diepste *oortuigings* oor die rol van die kerk van Jesus Christus: geroep, uitgekies, volk van God wat Hom bely as die Here.
- ons diepste *oortuigings* oor die verskil wat elke gemeente geroep is om te maak: sout en lig, lewegewend, uitreik na ander, met die Lig na die gemeenskap.
- ons diepste *oortuigings* oor God "wat méér kan doen as wat ons kan bid of dink. (Efesiërs 3: 20)

Mag 2018 vir julle 'n mooi jaar wees.

**Francois Retief**

**Uitvoerende Amptenaar: Oostelike Sinode**

**5 Januarie 2018**

---

## **NUUS VANUIT DIE SINODALE DIENSRAAD**

**23 NOVEMBER 2017**

1. Tydens ons vergadering het ons as Diensraad gepraat oor hoe belangrik dit is dat ons as Gereformeerde kerk met die viering van die Reformasie se 500 jarige herdenking sal onthou om **steeds te bly reformeer**. Die Reformasie in Luther se tyd het die kerk teruggebring na die Skrif en die belangrike waarheid dat 'n mens se goeie werke en

godsdienstige rituele nie jou sonde kan wegvat nie, maar Christus alleen. Vandag moet ons steeds bly reformeer en besef dat geloof sonder werke dood is en dat elke volgeling van Jesus aktief betrokke moet wees in die kerk en moet **getuig en dien**. Dit pas ook mooi in by ons kerk se fokus en prioriteit om missionaal uit te reik en die lig na die wêreld uit te dra.

2. Ons sien baie uit na 3 en 10 Februarie volgende jaar as ons in Lydenburg-Suid en in Pretoria- Garsfontein saamkom vir ons **Voetsoolsinodes**. Ons glo die Here wil elke leraar enkerkraadslid kom toerus en inspireer vir die jaar wat voorlê. Ons weet die Here wil ons verhoudinge onderling versterk en vir ons nuwe drome vir Sy gemeentes kom gee. Ons wil luister na mekaar se stories en mekaar opbou met die mooi dinge waarmee God besig is ons gemeentes. Ons wil hoor van die nood en verloreheid van die wêreld wat besig is om al meer prominensie in gemeentes se programme te kry en hoe ons betrokkenheid in die gemeenskap uitbrei.
3. As sinode wil ons steeds bly fokus om gesonde **familiebande te bou**. Daarom glo ons dat ons as leierskap die voorbeeld moet stel en gaan ons vroeg Januarie as SDR vir twee dae wegbreek om mekaar beter te leer ken, mekaar geestelik op te bou en saam te besin oor God se plan vir ons pad vorentoe.
4. Ons het 'n groot deel van die vergadering gewy aan bespreking van ons **sinode se finansies** en beplan hoe ons die gemeentes beter kan dien in die toekoms. Ons is diep bewus van die finansiële uitdagings in ons gemeentes: die totale inkomste van gemeentes het met slegs 2.72% gestyg teenoor die vorige jaar. Landswyd is die styging maar 1.15%. Dit is 'n rooi lig wat aangaan vir gemeentes maar ook vir die funksionering en impak van die Sinode. Ons Fondsediensgroep het 'n beleggings-bestuursmodel

ontwerp wat ons in staat stel om – soos nou reeds – ons gemeentes te beskerm teen buitensporige stygings in die sinodale bydraes maar aan die anderkant ook te verseker dat Oostelike Sinode wel die vermoë het om volhoubaar die rol te speel soos wat dit oor jare gedoen is.

5. Vanuit die sinodale kantoor en Diensraad wil ons graag vir elke lidmaat en leier 'n baie lekker rustyd in die **vakansie** toewens en bid dat die **Kerstyd** waarlik 'n tyd sal wees van seën en 'n nuwe ontmoeting met die Christus van Kersfees. Mag die Vredevors ons verlos van geweld, woede, haat, rassisme, korrupsie, bedrog en alle sonde. Mag die **Nuwejaar** 'n nuwe bedeling in ons land inlui en 'n tydperk van 'n nouer wandel met die Here waar ons wonders en die realisering van God se planne sal beleef.

**Dirkie van der Spuy**  
**Voorsitter Sinodale Diensraad**

---

## **BELANGRIKE INLIGTING**

Riglyne vir die Vergoedingspakkette van leraars vir die Finansiële jaar 1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019 asook die Bestmed gids en nuwe bydraes vir 2018 is [hier](#) beskikbaar.

---

# DATUMS 2018

OOSTELIKE SINODE 2018 DATUMS VIR JOU GEMEENTEKALENDER is [hier](#) beskikbaar.

Meer inligting oor die Kerklike Jaar 2018 is in die Jaarboek 2017 bladsy 51 beskikbaar.